Donderdag 15 Oktober
Skrifgedeelte: Johannes 13:31-35 (AFR83/AFR2020)
Fokusgedeelte: Johannes 13:35 (AFR83/AFR2020)
Christus-liefde kenmerk die Dissipel wat vanuit die liefde van God vir my, leef

Ons lees aan die begin van hoofstuk 13 van een van die wonderlikste liefdesdade in die geskiedenis van die wêreld … Jesus, die koning van alle konings, was die vuil voete van sy dissipels.

Hier aan die einde van hoofstuk 13 is die dissipels nog in skok oor wat gebeur het met die voetwassing, maar die skok word net erger. Jesus sê dat Hy weggaan en hulle kan Hom nie volg nie (vs 33). Hierdie woorde moes die dissipels se hele wêreld omvergegooi het. Hoe sal hulle op die aarde lewe sonder hulle Here? Hulle sal lewe soos Hy hulle geleer het om te lewe en dit kan opgesom word deur mekaar lief te hê soos Hy hulle liefgehad het (vs 34). Die manier wat die wêreld die kerk sal uitken, is deur die liefde van Jesus in ons verhoudings raak te sien.

Wat maak Jesus se liefde so kenmerkend anders as gewone (sondige) menslike "liefde"? Die dissipels sou dit in baie detail verstaan net die volgende dag en die weke wat sou voorlê (met Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart). Jesus se liefde is uniek, want dit is selfopofferend van aard (1 Joh. 3:16). Dit is liefde wat alles gee en niks verwag (Luk. 6:35). Dit is liefde wat altyd die ander se belange bo my eie dra (Fil. 2:3).

Indien jy 'n dissipel van Jesus is wat in die 21ste eeu Hom volg, behoort hierdie soort liefde jou te kenmerk. Hoe meer jy ander so lief probeer hê, hoe meer sal jy sien hoe asemrowend God se liefde eerstens vir jou was/is (Joh. 13:1-20; 1 Joh. 4:19) en dat ek ver tekortskiet. In ons tekortkoming vlug ons na die liefde van Christus waar daar vergifnis en reiniging opnuut ontvang word (1 Joh. 1: 9). Hoe meer jy verwonderd staan oor God se liefde vir jou, hoe meer stel die Gees jou in staat om ander soos Christus lief te hê.

Kyk vandag na die liefde wat God vir jou het en leef in die liefde en leef vanuit hierdie liefde tot jou naaste. Hierdie is ware dissipel-wees en hierin is ware vreugde.

*Sing: Psalm 71-1:1, 2, 3*

*Ds. CJ (Jaco) Lemmer (Cachet)*